

Wat doen Suid-Afrika se winsgewendste wolskaapprodusente?

Volgens dr. Louis du Pisani het Suid-Afrika se mees suksesvolle skaapprodusente 'n passie vir hulle boerdery. Kenmerkend van die winsgewendste skaapprodusente is dat hulle steeds hoë wins genereer al is hulle produkprys laag; streng volgens 'n vooraf opgestelde begroting werk; strategiese byvoeding voorsien; die nuutste tegnologie gebruik en innoverend en kreatief is.

Volgens Andrew Vizard (2002) is die pad na winsgewendheid afhanklik van die kritieke faktore (winsdrywers) wat winsgewendheid bepaal, naamlik kilogram lam (is afhanklik van speenpersentasie en speenmassa) geproduseer per hektaar per jaar; kilogram wol geproduseer per hektaar per jaar; produksiestelsels; drakrag; kuddesamestelling; produktiewe genotipe (bloedlyn) en kruisteling. Sy resep om meer geld uit skape te maak, is om die koste van die produksie van 'n kilogram bemarkbare produk (d.i. vleis en wol) te verlaag. Dit moet geskied deur nie noodwendig insetkoste (bv. voer-, doseer- en entkoste) te verlaag nie, maar deur 'n groter hoeveelheid bemarkbare produk (bv. meer en swaarder lammers, fyner en/of meer wol) per hektaar te produseer deur aanpassings in bestuur-, voeding- en telingspraktyke te maak en deur met 'n meer produktiewe genotipe (bloedlyn) te boer. Deel van hierdie strategie is die spesiale aandag wat aan die grootmaak en versorging van speenoilammers gegee word. Vroeër het produsente hulle studiereprestasies geëvalueer deur hulle met die gemiddelde prestasie van 'n groep produsente (bv. studiegroep) te vergelyk. Die aanbeveling is tans dat 'n produsent hom met die heel beste produsente wat die hoogste winste genereer, vergelyk, sogenaamde "benchmark." *Dit is die basiese beginsel van gehalteverbetering, naamlik om jou kuddeprestasies aan die heel beste praktyke te meet.*

Wat doen Suid-Afrikaanse wolskaapprodusente wat die hoogste winste genereer?

Produsente wat baie hoë winste uit hulle skape genereer, fokus op daardie aspekte (winsdrywers) wat die meeste wins genereer en waaraan hulle iets kan doen en vergeet dié waaraan hulle niks kan doen nie. Enkele van die belangrikste aktiwiteite wat hulle doen, word vervolgens puntsgewys gelys.

- *Het in 2006 tot R200 en in 2007 tot R300 per ooi aan byvoeding gespandeer.*
- *Spandeer gemiddeld 21 % van hulle Bruto Inkomste uit skaapboerdery aan voer.*
- *Voeruitgawes maak gemiddeld 66 % van die Totale Uitgawes uit.*
- *Koste-verhouding is gemiddeld 33 %, m.a.w. uitgawes is gemiddeld 33 % en die winsmarge 67 % van die Bruto Inkomste.*
- *Genereer gemiddeld 78 % van hulle wolskaapvertakking se inkomste uit vleis en 22 % uit wol.*
- *Gebruik 'n doeltreffende weiding- of veldbestuurstelsel. Die belangrikste element van veldbestuur is 'n konserwatiewe veelading. 'n Konserwatiewe veelading verseker goeie plantproduksie en volhoubare skaapproduksie. Produsente wat 'n konserwatiewe veelading toepas, is baie beter verseker teen droogtes as dié wat die weikapasiteit van hulle hulpbronne oorskry. 'n Tweede belangrike element*

van veldbestuur is die toepassing van 'n volle groeiseisoenrus. Enige tipe veld baat by 'n groeiseisoenrus. In die hoë reënval suurveldgebiede is 'n groeiseisoenrus elke tweede of derde jaar voldoende en in die droër soetveldgebiede is dit voordelig om veld selfs vir twee agtereenvolgende groeiseisoene te rus. 'n Groeiseisoenrus verseker die opbou van koolhidraatreserwes in die wortels en dit bevorder groei krag en veldproduksie na die rusperiode.

- Gebruik 'n doeltreffende en wetenskaplik gefundeerde Bestuur-, Voeding- en Telingsprogram. 'n Doeltreffende Gesondheidsbeheer- en siektevoorkomende program word gebruik en voortdurend aangepas soos nuwe inligting beskikbaar kom. Vrektes in die kudde word voortdurend gemonitor, want dit is 'n aanduiding of hierdie program doeltreffend is. Die norm is dat nie meer as 3 % volwasse ooie per jaar en 5 % speenooilammers tot eerste paring mag vrek nie. Die strewe is dat die syfer onderskeidelik minder as 1 % en 3 % behoort te wees. In dié topkuddes is die syfer alreeds onderskeidelik 0.2 % en 1.1 %.
- Volledige rekordhouding, dataverwerking en evaluering daarvan word met behulp van rekenaarprogramme gedoen. Hierdie inligting word gebruik om aanpassings aan bestuursprogramme te maak om doeltreffendheid van skaapboerdery te verhoog; vir seleksiedoelindes; berekening van koste om 'n kilogram vleis en wol te produseer, ensovoorts. Goeie en volledige rekords en bestuursinligting is 'n kragtige hulpmiddel om finansiële sukses te verseker (Van Zyl, 2001). "Without accurate records you cannot plan wisely or respond to changing conditions" (Jackson, 1999).
- Teelramme word minstens drie maande voor die paarseisoen aangekoop sodat hulle kan aanpas en akklimatiseer. Teelramme word aangekoop van telers wat dieselfde teeldoelwitte as die koper het. Hierdie ramme word grootgemaak in toestande wat vergelykbaar is met dié waarin hulle nageslag moet produseer en reproduseer. Superieure teelramme (meestal beproefde ramme), wat geneties beter is as die produsent se kudde, word geselekteer m.b.v. BLUP-teelwaardes. Voorkeur word gegee aan meerlinge en vrugbaarste teelramme (dié wie se moeders meer lammers gespeen het as wat hulle lamkanse gehad het; dié met die grootste teelbalomtrek en die hoogste libido). Die klem verskuif tans na seleksie vir hoër wins (Olivier, 2005), deur vir massa lam gespeen per ooi gepaar as direkte seleksiemaatstaf vir reproduksie te gebruik i.p.v. liggaamsgrootte (Herselman, 2005). Gevolglik word ramme gekoop wat bogemiddeld (+) vir TWW (total weight of lamb weaned) is, maar al die ander eienskappe (bv. veseldikte, vagmassa, treksterkte, stapellengte, ensovoorts) is geeneen negatief nie, m.a.w. al die eienskappe is altyd in balans en daar word nooit net vir een eienskap alleen geselekteer nie (Olivier, 2008).
- Ramme word ongeveer vier tot ses weke voor die paarseisoen vir vrugbaarheid, geslagsiektes en dekbeendigheidsgetoets.
- Teelramme word vanaf twee maande voor paring geoefen deur hulle tweemaal per dag, gedurende die koelste tyd van die dag, vir minstens 'n halfuur vinnig te laat stap. Terselfdertyd word prikkelvoer (200 kg Voermol SS 200 + 150 kg Voermol Procon + 80 kg Voermol Melassemeel + 550 kg gemaalde mielies of heel gars) teen 300 tot 1 000 g/ram/dag gevoer om testisgrootte en spermproduksie te maksimeer. Teelramme word ook drie maande voor paring met Multimin asook Vitamien A en E gespuit.

- Teelooie word ses weke of langer voor paring en teelramme drie maande voor paring geskeer. Indien dit warm is, word koelte vir die eerste paar weke na skeer aan ramme voorsien om “somersteriliteit” te voorkom.
- Enige brommeraannevalle by ramme word vermy, want 'n brommeraanneval so groot soos 'n R5-muntstuk aan die basis van die horing verlaag libido en vrugbaarheid en kan soms tydelike steriliteit veroorsaak.
- Teelooie word vier tot ses weke voor paring met Multimin asook Vitamien A en E gespuit.
- Om 'n hoë lampersentasie te verseker, word teelooie voor paring so swaar moontlik (vir elke 1 kg swaarder, styg lampersentasie met $\pm 1.5\%$ tot 2.5%) gekry terwyl gesorg word dat hulle in 'n uitstekende kondisie en selfs vet is met paring. Gevolglik word die voedingspeil alreeds vanaf twee maande voor paring verhoog deur ooie in spaarkampe te sit. Prikkelvoeding word vanaf drie weke voor paring vir minstens ses weke verskaf sodat ooie in massa toeneem met paring, want dit verhoog besetting en tweelinggeboortes. As prikkellek word 300 tot 400 g/ooi/dag van 'n produksielek (bv. Voermol Maxiwollek mengsel; Voermol Maxiwol Produksiekorrels; Voermol Maxiblok; of Sjokoladegrane) gevoer.
- Poog om teelooie regdeur die jaar in 'n goeie kondisie (3.0 Kondisiepunt), maar verkieslik in 'n uitstekende kondisie (3.5 Kondisiepunt) te hou. Kondisie van teelooie dryf winsgewendheid van skaapboerdery (Rose, 2006).
- Teelooie word geen kontak in die vorm van aanraking, sien, hoor en reuk (word meer as 1 km geskei) met enige manlike diere (d.i. ramme, ramlammers, koggel-en bokramme) vanaf vyf, maar verkieslik agt weke voor paring toegelaat nie, want dit verlaag besetting.
- Geen stresvolle aktiwiteite (bv. skeer, dip, miksker, dosering, ensovoorts) word korter as vier weke voor paring met teelooie gedoen nie, want dit verlaag besetting.
- Teelooie word vir nege dae voor paring met 3% koggelramme, met 'n baie hoë libido (bv. Afrikaner- of Afrinokoggelramme), gekoggel. Met die aanvangs van die koggelperiode word die koggelramme vroegoggend (voor 08:00) by die ooie geplaas.
- Jongooie word in 'n aparte trop met 4% ervare ramme gepaar. Volwasse ooie word met 3% ramme gepaar. Met die aanvangs van die paarseisoen word die koggelramme laatmiddag van die negende dag uitgehaal en met die teelramme vervang.
- Vaste paarseisoene word gebruik. Die meeste het twee lamseisoene, m.a.w. die ooitrop word in twee verdeel en een trop lam dan byvoorbeeld in die herfs en die ander in die lente. Ooie word vir maksimum 35 dae (soms so kort as 28 dae) gepaar en 42 dae na die ramme uitgehaal is, geskandeer. Alle oorslaanooie, insluitend jongooie wat nie dragtig is nie, word summier geprul. Met stertsny word alle ooie wat nie 'n lam soog nie, gemerk en uitgeskot. Hierdie ooie, sowel as die droë ooie, word bemark en die inkomste wat daaruit gegenereer word, word gebruik om **dragtige ooie**, verkieslik dragtig met tweeling, aan te koop om ooigetalle aan te vul.
- Beide strategiese (bv. prikkelvoeding, byvoeding gedurende laatdragtigheid en laktasie, ensovoorts) en differensiële voeding (d.i. voeding volgens behoefte) word toegepas om maksimum winsgewendheid te verseker. Ooie wat dragtig is met enkelinge word geskei van dié wat tweeling dra asook dié wat enkelinge en

tweelinge soog sodat dié met enkelinge vir 'n korter periode en teen 'n laer peil as dié met tweelinge gevoer word.

- Enige faktore (bv. hantering, dosering, enting, skeer, mikskeer, dip, onnodige aanjaag, ensovoorts) wat spanning kan veroorsaak, word gedurende paartyd en die eerste maand nadat die ramme uitgehaal is, vermy. Gedurende hierdie periode word paringskondisie gehandhaaf en enige massaverliese word voorkom. Indien hierdie riglyne nie gevolg word nie, kan dit embriomortaliteite en afsterwing van die fetusse tot gevolg hê. Fetale verliese word bereken as die verskil tussen die getal lammers geskandeer in die ooi (potensiële getal lammers) en die werklike getal lammers gebore (lewend en dood). Fetale verliese moet minder as 2 % en verkieslik minder as 0.5 % wees.
- Ooie met een- en tweelingfetusse word toegelaat om onderskeidelik ± 50 en 80 g/ooi/dag gedurende middragtigheid (maand 2 en 3 van dragtigheid) in massa toe te neem met 'n maksimum massatoename van 100 g/dag oor die eerste drie maande van dragtigheid om optimale plasenta (nageboorte) ontwikkeling te verseker. Onvoldoende plasenta-ontwikkeling het swak lamoerlewing, moedereienskappe (ooie wat lammers weggooi), melkproduksie en lamgroei tot gevolg.
- Hoë deurvloei proteïenlekkers (bv. Voermol Maxiwollemengsel; Voermol Produksie-korrels; Voermol Already Mix of Voermol Maxiblok) word vanaf vier tot ses weke voor lam tot minstens agt weke na lam gevoer. Dit verseker maksimum uierontwikkeling en dus maksimum bies- en melkproduksie waardeur lamvrektes beperk en lamgroei versnel word. Deurvloei proteïenlekkers word altyd, selfs op goeie gehalte aangeplante weiding onder besproeiing, gedurende laatdragtigheid gevoer. Lekke word teen so 'n peil gevoer dat ooie, afhangend van hulle massa, ouderdom en aantal fetusse 5 tot 15 kg in massa toeneem gedurende laatdragtigheid. Ná lam word die voedingspeil so aangepas dat jongooie nie meer as 3 % en volwasse ooie nie meer as 7 % in massa verloor nie. Hoe beter die voedingspeil gedurende die eerste twee maande van laktasie is, hoe hoër is die lampersentasie met die daaropvolgende lamseisoen. Lampersentasie kan hierdeur met 25 tot 51 persentasie-eenhede verhoog word. 'n Hoë voedingspeil gedurende laktasie stimuleer ook melkproduksie wat hoë lamgroei en gevolglik hoë speenmassas tot gevolg het.
- Tweelinge word op die geboorteplek of met stertsny, as ooie geskandeer is, geïdentifiseer.
- 'n Lamstelsel wat tydens lamtyd rustigheid en kalmte verseker, word gebruik. Inmenging van mense en ander ooie binne ses uur na geboorte of enige ander aktiwiteit (bv. beperkte voeding) wat tydens hierdie periode skeiding tussen die ooi en haar lam(mers) kan veroorsaak, word vermy of beperk, want dit kan permanente skeiding tussen die ooi en haar lam(mers), met gevolglike lamvrektes, veroorsaak. Tydens die lamtyd word ooie *ad lib.* gevoer om te verhoed dat lammerooie na die lek- of voerbakke hardloop wanneer die leë bakke gevul word en so van hulle lammers geskei word. Óf 'n Maxiwollek (250 kg Voermol Maxiwolksentraat + 200 kg gemaalde mielies of heel gars + 50 kg sout) óf 'n Maxiwolgebaseerde volledige rantsoen (375 kg gemaalde lusern + 350 kg gemaalde mielies of heel gars + 150 kg Maxiwolksentraat + 50 kg Voermol Procon + 80 kg Voermol Melassemeel) word gevoer. Lamvrektes vanaf geboorte tot speen is minder as 10 %, maar daar word gestrewe na minder as 5 %.
- Meeste van hierdie boere gebruik lamhokke vir ooie met tweelinge en jongooie wat die eerste keer lam asook vir probleemgevalle. Met goeie bestuur in die

lamhokke en die gebruik van 'n Maxiwolgebaseerde volledige rantsoen, is lamvrektes van minder as 5 % moontlik.

- Daadwerklike en doeltreffende ongediertebeheer word toegepas.
- Lammers word minstens twee, maar verkieslik drie maande, voor die volgende paring gespeen omdat dit 'n hoër lampersentasie die volgende lamseisoen tot gevolg het. Met speen van lammers word ooie in twee groepe (skraal vs. beter kondisie) verdeel. Skraal ooie word op beter weiding geplaas en/of lek word voorsien sodat hulle hul massa en kondisie betyds voor die prikkelperiode kan herwin.
- Al is voedingstoestande hoe goed, word kruipvoer altyd aan sogende lammers vanaf twee weke ouderdom tot minstens 14 dae na speen of totdat die lammers minstens 30 tot 35 kg weeg, gevoer. Dit verseker dat die maksimum getal spierselle, wat geneties moontlik is, ontwikkel, wat beter uitgroei en swaarder jongooie met eerste paring tot gevolg het. Dit verseker nie net 'n hoër lampersentasie (vir elke 1 kg swaarder met paring verhoog lampersentasie met $\pm 1.5\%$ tot 2.5%) met die eerste lamseisoen nie, maar ook 'n hoë leeftydreproduksietempo. Met kruipvoeding word lammers tot 50 dae vroeër gespeen. Met kruipvoeding word lammers óf vroeër gespeen en in 'n voerkraal afgerond en dus word meer ooie (vertikale uitbreiding) aangehou óf die meeste lammers word direk van die ooie bemark. Lammers word op 'n vroeër ouderdom, maar op 'n swaarder massa (45 – 51 kg) bemark. Die volgende kruipvoermengsel word ad lib. aan lammers gevoer: 150 kg Voermol SS 200 + 150 kg Voermol Procon + 80 kg Voermol Melassemeel + 625 kg gemaalde mielies of heel gars.
- Daar word toegesien dat speenooilammers vanaf geboorte tot eerste paring nooit massa verloor nie. Volgens Vizard (2002) is dit lonend om byvoeding aan speenooilammers te verskaf. Voedingsbeperking tussen geboorte en 12 maande ouderdom van 'n oilam het langtermyngevolge op haar toekomstige reproduksietempo as volwasse ooi. Speenooilammers wat die eerste 12 maande van hulle lewe op 'n hoë voedingspeil was, het met hulle eerste lamseisoen op twee jaar 'n lampersentasie van 169 % gehad met 'n gemiddelde van 170 % oor 'n vyf jaar periode in vergelyking met onderskeidelik 84 % en 118 % van ootjies op die lae voedingspeil (Gunn, 1977). Produsente wat hulle speenooilammers vanaf speen tot 30 dae na eerste paring byvoeding gee, rapporteer die hoogste lampersentasie (Fourie, 2007). Om 'n hoë lampersentasie te verseker, sorg hulle dat jongooie ook nie tussen ses en vier maande voor paring massa verloor nie en dat hulle 'n kritieke liggaamsmassa van 65 tot 75 % op 10/12 maande en 85 tot 90 % van volwasse massa met eerste paring op 15/18 maande ouderdom bereik.
- Met seleksie van vervangingsooie speel sentiment hoegenaamd geen rol nie, trouens, dit geld virt die seleksie van alle teeldiere. Jongooie word nie te streng volgens uiterlike kenmerke geselekteer nie en moet slegs aan die minimum rasstandaarde voldoen. Met speen word ± 15 tot 20% van die kleinste en swakste lammers geprul en soveel as moontlik oilammers word gehou vir paring. Soveel as moontlik tweelinggebore jongooie word geselekteer. Voor eerste paring word slegs dié met ernstige prulfoute ($\pm 5 - 10\%$) uitgeskot. Soveel as moontlik jongooie word dus gepaar en dan 42 dae na die dekseisoen geskandeer. Alle jongooie wat oorslaan, asook almal wat gelam het, maar geen lammers speen nie, word summier uitgeskot en nie vir verdere teling gebruik nie. Finale visuele seleksie word dan op die dragtige jongooie o.g.v. bouvorm- en woleienskappe gedoen en die swakste word dan uitgeskot, totdat op getal is, en as dragtige ooie bemark. Finale seleksie van jongooie behoort eers na die eerste of liefs die

tweede lamseisoen op grond van ooiproduktiwiteit, d.i. massa lam gespeen per ooi gepaar, gedoen te word.

- *Indien alles moontlik gedoen is om die lampersentasie te verhoog en dit nog steeds te laag is, moet volgens Andrew Vizard (2002) van bloedlyn (ramteler) verander word. Nieu-Seelandse navorsers vind 'n baie groot variasie in die getal lammers gespeen per ooi gepaar tussen ramme (48 % vs. 103 %) wat in ooreenstemming met navorsing in Australië (50 % vs. 105 %) en Suid-Afrika (57 % vs. 94 %) is.*
- *Oordeelkundige terminale kruisteling word, afhangend van die speenpersentasie, met 'n gedeelte (± 25 tot 33 %) van die kudde, vir die produksie van slaglammers, gedoen.*
- *Diere wat nie op die veld markklaarheid bereik nie, word in voerkrale afgerond en bemark om oorbeweiding van veld te voorkom. As 'n afrondingrantsoen word die volgende mengsel gebruik: 200 kg Voermol SS 200 + 50 kg Voermol Procon + 80 kg Voermol Melassemeel + 525 kg gemaalde mielies of heel gars + 150 kg gemaalde lusern of hooi of strooi.*
- *Van die produsente pas vroeëspeen toe deur hulle lammers op 75 dae te speen en dan al die ram- of hamellammers en die uitskotooilammers in 'n voerkraal af te rond. Deur die lammers vroeër van die weiding te verwyder, word meer ooie aangehou waardeur die winsgewendheid van die onderneming verder verhoog word.*
- *Normaalweg word minder skape as die voorgeskrewe drakrag vir die omgewing aangehou om oorbeweiding te voorkom, wat bydra tot veldverbetering.*
- *Gebruik 'n multidissiplinêre span kundiges (bv. voeding-, weiding- en telingskundige; veearts; landbou-ekonoom, ouditeur, personeelkonsultant, ensovoorts) om op hoogte te kom van die nuutste praktyke en tegnologie asook die winsgewendste produksiestelsel(s) vir sy spesifieke omstandighede.*
- *Woon boeredae en kursusse by en besoek voortdurend winsgewendste skaapprodusente.*

Samevatting

Opnames toon dat daar nog heelwat ruimte bestaan vir die verbetering van sommige skaapprodusente se winsgewendheid omdat hulle boerderypraktyke nie tegnies doeltreffend genoeg is nie. Dit is daarom uiters belangrik dat die produsent deur prioritisering fokus op daardie aspekte wat die meeste wins genereer. Om maksimum wins uit skaapboerdery te genereer, moet die doeltreffendheid van skaapboerdery gemaksimeer word. Een van die beste maatstawwe van algehele doeltreffendheid is die koste om 'n kilogram vleis of wol te produseer (Vizard, 2002). Maksimum winsgenerering is egter slegs moontlik met die gelyktydige toepassing van doeltreffende en wetenskaplik gefundeerde bestuurs-, voeding- en telsingpraktyke. Hierdie praktyke moet nie in isolasie van mekaar beskou word nie, maar wel as 'n eenheid, want gesamentlik vorm hulle die basis van 'n hoogs winsgewende skaapboerdery. Terselfdertyd moet 'n baie hoë bestuursvlak gehandhaaf word, want die respons is grootliks afhanklik van die bestuurder se bestuursvermoë. Produsente moet fokus op die wetenskaplike seleksie van hoogs reprodutiewe en produktiewe diere en om hulle op 'n hoë vlak te bestuur asook om hulle vir produksie te voer, want meer as 70 % van 'n skaapkudde se prestasie word deur voeding bepaal (Rowe, 2005).

Geskryf deur: **Dr. Jasper Coetzee, Tegniese Direkteur, Voermol Voere.**

(Tel no.: 021 - 8879559; 0833 86 83 82; jasperco@iafrica.com)

1 Augustus 2008